

Geliefde Lourensrivierder



So het 'n nuwe jaar begin. Jy kry elke jaar 365 geleenthede om voluit te leef en vanjaar word jy bederf met 'n ekstra dag, want dit is skrikkeljaar.

Een ekstra dag om betrokke te raak, uit te reik en 'n verskil te maak.

Carpe Diem! Gryp die Dag!

Mag 2020 gevul wees met nuwe geleenthede en avonture! Mag die Here jou omarm en Sy goedheid en guns oor jou uitstort plus die nodige krag, wysheid en insig gee vir die struikelblokke en uitdagings langs die besige pad.

Mag ons KIES om elke dag aan te gryp as 'n geleentheid om voluit te leef en 'n verskil te maak.

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

- ♥ **Neem asseblief kennis dat die finansiële kantoor vanaf Januarie om 12:30 toemaak. Kontak Charlene indien afspraak na 12:30 gemaak moet word. (021) 853-5991.**
- ♥ **Van die Woekerhoekie se lekker smulhappies word nou teen halfprys verkoop. Kom loer gerus in by die Kerkkantoor en ondersteun die projek.**

2020 KERKKANTOOR-URE

FINANSIES:

Maandae: 09:00 – 12:30

Dinsdae tot Vrydae: 08:00 - 12:30.

Maak asseblief 'n afspraak vir besoeke na 12:30.
(021) 853-5991

ONTVANGS/ADMIN:

Maandae: 09:00 – 16:00

Dinsdae, Woensdae, Donderdae: 08:00 - 16:00

Vrydae: 08:00 - 13:00.

GEBEDSKURSUS:



Ons Gebedskursus is gratis en word elke Donderdagoggend om 09:00 by die kerk in die gebedskamer (ou moederskamer) aangebied.

Die kursus begin weer op 6 Februarie. Enige iemand is welkom om die kursus te doen, ook diegene wat dit reeds voltooi het.

Kom woon dit asseblief by, jy sal nie spyt wees nie. Kom reis saam om God te ontmoet, deur Hom verander te word en jou roeping te ontdek.

Kom leer ook hoe om die Bybel effektief te gebruik om met God te kommunikeer en Sy stem te hoor vanuit Sy lewende Woord.

Navrae of registrasie vir kursus: kontak Kerkkantoor – (021) 853-5991.

SENIOR MANNE:

Die senior manne kom Woensdag 15 Januarie om 08:00 in die moederskamer by die kerk bymekaar - Die eerste mannebyeenkoms vir 2020.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting. (021) 853-5991

VROUEBIDUUR:

Die vrouebiduur begin Woensdag 5 Februarie om 09:00 in die moederskamer. Kom word deel van dié uur.

RAPHA VROUEGROEP (elke 2de Maandag)

Die Rapha Vrouegroep kom Maandag 3 Februarie om 19:00 by die kerk bymekaar. Kontak Jackie 084 505 2908.

VERITAS BYBELSKOOL

Veritas Bybelskool begin Dinsdag 4 Februarie. Die kursus word deur Ds. Petrie by die kerk aangebied.

Koste is R450 per persoon.

Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.
(021) 853-5991

KNIEWERK



Danie du Preez in hospitaal.



DINAMIET KIEDZ & BELOFTELAND, LOURENSRIVIER GEMEENTE

Jenningsstraat 55, STRAND; Tel: 021 853 5991

www.lourensrivier.co.za



FB: Lourensriversemense EN Dinamiet Kiedz



PROGRAM: 1ste KWARTAAL (19 Januarie tot 15 Maart 2020)

Belofteland (3-6 jr) & Dinamiet Kiedz Graad 1 - Graad 7 (08:45 - 10:15)

Lesmateriaal van KidsXpress wat hierdie jaar gebruik word:	Skole open	15/01/2020	Wo.
Belofteland: Verkleurmannetjies Die Evangelie word d.m.v. kleure aan die kleuters oorgedra! Outeur: Riana Anderson en Chrissie Kritzinger Illustrasies deur Liesel Bekker	Opening / Lofprysing	19/01/2020	So.
	Les 1	26/01/2020	So.
	Les 2	02/02/2020	So.
	Les 3	09/02/2020	So.
	Les 4	16/02/2020	So.
	Les 5	23/02/2020	So.
	Les 6	01/03/2020	So.
	Les 7	08/03/2020	So.
	Les 8 – Kwartaal afsluiting	15/03/2020	So.
	Skole sluit	20/03/2020	Vry



24 Blink Idees om kinders te help om hul identiteit in Jesus te ontdek en uit te leef. Speel dit los met 'n speletjie wat raakpunte het met die tema van die dag. Praat dit uit in die saamgesels Bybelstudie. Knoop dit vas in die ID-boekie propvol aktiwiteite en Bid dit deur.

Outeur: Tania Schultz
Illustrasies: Magriet Brink



Jou amazing race begin by die kruis! Sak neer in die wegspringblokke en begin 'n amazing race met hierdie aksie-belaaiende lesse wat kinders aanmoedig om voluit aan die Christen-wedloop deel te neem. Bly fiks vir die wedloop deur geestelike oefeninge te doen en gereeld God se Woord-vitamines in te neem. Op julle merke... gereed... Gaan... om die hemelse prys te behaal.

Outeur: Tania Schultz



'n Oorsig vanaf 1 Konings-Maleagi. Wonderwerke en ander WOW-gebeure uit die Woord. Saamdoen idees oor wie ek in Jesus is. In hierdie reeks gaan julle julle eie Survivor hou en die kinders gaan die deelnemers wees! Die reeks se naam is, Survivor Israel, want terwyl die kinders aan lekker Survivor-challenges gaan deelneem, gaan hulle ook in die Bybel kyk hoe die stamme van Juda en Israel, God se spesiale volk, survive het – van Jerusalem na Exile en weer terug.

Outeur: Tania Schultz



Kyk hoe groei my liefde vir God groter en groter. Hierdie reeks wil jong kinders toerus en inspireer om as kinders van God te lewe en die regte dinge te weet, kies en doen sodat hulle geestelik kan groei. groter en sterker, sodat hulle blomme en vrug kan dra wat hulle Here verheerlik.

Outeur: Chrissie Kritzinger
Illustrasies: Magriet Brink




Hierdie reeks wil vensters oopmaak op wie Jesus is, wat Hy kom doen het, vertel het, hoe Hy lewens aangeraak het terwyl Hy op aarde geloop het, en hoe Hy dit steeds kan en wil doen. Op 'n dieper vlak vra ons: "Ken jy vir Jesus?" Het jy 'n persoonlike verhouding met Hom? Is Hy jou Here, jou Held, jou Koning? Is Hy die een na Wie jy draai as jy bang is, bly is, dankbaar of hartseer is? My gebed is dat elke kind wat aan hierdie reeks gaan deelneem, 'n dieper persoonlike verhouding met Jesus sal ontwikkel, sodat elkeen van hulle ook met blink oë van "My Jesus" sal kan praat...

Outeur: Chrissie Kritzinger; Illustrasies: Magriet Brink



Eendag wil ek... Tydens elke les word 'n beroep bekend-gestel dmv speletjies. by Eendag wil ek 'n brandweerman wees. Eendag was daar... Ons gaan na die Bybel en vertel die verhaal van 'n karakter(s) wat aansluit by die beroep van die dag. bv. Sadrag, Mesag & Abednego in die brandende vuuroord. Vandag is die dag... Na aanleiding van die verhaal word daar gesels oor hoe ons vandag moet leef. Liewe dagboek... Elke kind ontvang 'n aktiwiteits-boek waarin hulle 'n aktiwiteit voltooi.

Outeur: Chrissie Kritzinger



Groeigoggas begin met 'n oorsig van die evangelie d.m.v. kleure. Die laaste kleur is groen wat oor geestelike groei handel en waarop Groeigoggas fokus. Kleuters speel-speel tot in die wêreld van die Bybel en maak kennis met Bybelse kos, klere en gewoontes.

Outeur: Riana Andersen en Chrissie Kritzinger
Illustrasies: Magriet Brink



Die Kerk Werk Wêreld Wyd - Deur hierdie reeks sal kinders ontdek hulle is **Duurgekoop** deur die kruisdood van Jesus, **Ingeprop** in die krag van die Heilige Gees, **Aangeskakel** om die evangelie te werk.

Outeur: Tania Schultz saam met Werner Schultz
Illustrasies: Magriet Brinkondig.

DINAMIET KIEDZ & BELOFTELAND



Liewe Ouers / Gemeente

Welkom terug, mag 2020 'n wonderlike geseënde jaar vir ons as gemeente wees.

Ons is besig om gereed te maak vir die jaar saam met u en ons **kiedz** en sien daarna uit om die evangelie met hulle te deel.

Ons is opsoek na groepleiers/helpers om ons by te staan. Enige iemand wat passievol is vir die Here én vir ons **kiedz**, is welkom om deel te word van ons span. Ons voorsien die nodige opleiding. Kom sluit aan en deel u talent/gawes met ons. Ons kyk na twee groepleiers per graad, sodat hulle mekaar kan aflos. Kontak my as jy kan help.

Sterkte vir die jaar wat voorlê.

Diensbaar vir Christus
Karin Kuys
Dinamiet Kiedz & Belofteland
083 643 0653



LIFELINE (JEUG)



Lifeline begin Sondag 19 Januarie om 17:30 en alle Hoërskoolleerders en jong volwassenes is welkom om by die aksie in te skakel. Die jongklomp kom elke Sondag van 17:30 tot 19:00 in die kerksaal bymekaar, tensy anders gereël.

Vir ons nuwe intrekkers: Lifeline is Lourensrivier se tiener bediening en is hoofsaaklik vir enige Graad 8 tot 12 kind, maar enige jong volwassenes is ook welkom.

- Tijane Visser.

NUUS UIT DIE OMGEWING

Amos Kaap-markte in 2020 ten bate van Plaasbearbeiding in Kaap

Markdatums vir 2020 in Strand volg:

01 Februarie	Koue Bokkeveld koördineer
07 Maart	Wellington koördineer
04 April	Villiersdorp/Worcester koördineer
09 Mei	Amos Studente koördineer
06 Junie	Citrusdal koördineer

Julle word vriendelik uitgenooi na die VRUGTEMARK VAN ARBEIDSBEDIENING .

Datum: VRYDAG 24 JANUARIE

Plek: NG KERK STRAND. BIRKENHEADSTR 42 STRAND.

TYD: 8.30 – 11.00

Kom koop heerlike vars vrugte en groente vanaf Villiersdorp, Grabouw en De Doorns, asook al die gewone basaar gunsteling. Kom geniet ook 'n koppie tee en versnapering in die teekamer.

Navrae: Jan van den Berg. 021-8531631 / 0768855533 / 0761347780

NUWE KERKSEISOEN: EPIFANIE



Wat is Epifanie? Dit wentel om die epifanie fees, wat die eerste keer op 'n Sondag gevier is en al van die tweede eeu af op 6 Januarie gevier word. In dié fees gaan dit oor die "verskyning" of "Godsverskyning" en die naam word herlei van die Latynse Epiphania (of Theo-phania) vanuit die Griekse "epiphaneia" en "theophaneia", wat op God se verskyning/manifestasie, in Jesus dui. Belangrike motiewe in dié seisoen is lig (wat nie uitgedoof kan word nie), water (wat lewe gee), identiteit, roeping (om tot seën te wees vir ander) en (uitbundige) vreugde. Met Epifanie en op Verheerlikingsondag is die kleur wit of wit en goud - om die geskenke wat die wyse manne gebring het en Gods heerlikheid uit te beeld. Tussendeur kan groen gebruik word om die groei in die kerk se uitreik in die wêreld in te simboliseer. **Lees meer hieroor op ons webtuiste of klik op die skakel: <https://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene/284-epifanie>**

2020 – Hierdie jaar daag jou uit om oortuigend oor Jesus te getuig



GO 2020

EVANGELISM EXPLOSION

EE Leier **Oprissing**

Dubbel Kursus:

slegs

90 + 90 Minute

HOOP VIR KINDERS



Saterdag 1 Feb. 2020 09.00-12.30

*Steek gelowiges aan met die vreugde om die **GOEIE NUUS** te deel!*

Stap 1 – Verfris jou eie toerusting:

Elke opgeleide EE leier word uitgenooi om opnuut die gawe wat God jou gegee het aan te vuur deur jou evangelie roeping en getuienis te verfris. Woon die kort Dubbel Kursus saam met jou vriende en belangstellendes by en sonder dan Meimaand af vir spesiale evangelie-uitreik aksies.

Stap 2 – Gaan rus-toe:

Gaan bemagtig dan jou mede-gelowiges asook kinders met kort en kragtige getuienis toerusting vir opwindende praktiese getuienis.

Stap 3 – Reik uit:

Betrek jou gemeente om deel te neem aan die wêreldwye uitreik gedurende die maand van Mei 2020 deur gebed, vars toerusting en kreatiewe een-tot-een getuienis. **Saam kan ons een miljard mense met die Evangelie bereik!**

Verfrissende verkorte impak toerusting van beide die

DEEL JOU GELOOF en **HOOP VIR KINDERS**

kursusse vind plaas by

**Lourensrivier-Strand NG Gemeente, Jenningsstraat 55 Saterdag 1
Februarie 2020. Begin 09.00 & eindig 12.30**

Bekom praktiese getuienis materiaal en idees om daadwerklik uit te reik in jou gemeenskap en skole. **Koste:** Slegs 'n hartlike liefdesoffer per persoon.

REGISTREER by Dina 071 225 2629  **nie later as 27 Januarie om jou toerusting te verseker.**

EE SA 071 225 2629 / 012 333 0051 www.ee3.org.za / www.go2020.world

“Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.” Mat 9:37

REëLS VIR 2020

- ♥ Wees altyd eerlik: - Spr 12:22
- ♥ Dink voor jy praat: - Spr 18:21
- ♥ Tel jou seëninge: - Ps 34:15
- ♥ Dra mekaar se laste: - Gal 6:2
- ♥ Vergewe en vergeet: - Miga 7:15
- ♥ Hou jou beloftes: - Rom 4:21
- ♥ Ondersteun mekaar: - Hand 20:35
- ♥ Wees vrygewig: - Deut 15:11
- ♥ Behandel ander soos jy behandel wil word: - Matt 7:12

Die Belangrikste:
Wees lief vir mekaar.

- Ds. Bas Peters (29 Des 2019)



TWEE OORLOGSKEPE

Twee oorlogskepe was besig met maneuvres in swaar weer. Die sig was besonder swak weens die mis en die kaptein het by die uitkykpos gebly om 'n ogie te hou.

Kort na skemer laat weet die wag aan die bakboord dat hy 'n lig waarneem wat blykbaar stilstaan. Die kaptein besef dadelik dat die twee skepe op 'n botsing afstuur en laat weet vir die seiner om die ander skip in kennis te stel dat hulle 'n 20-grade aanpassing moet maak. Die boodskap kom terug: "Ek beveel jôu om 20 grade aan te pas."

Die kaptein laat nie op hom wag nie: "Dit is die kaptein wat praat. Verander rigting met 20 grade!" Die antwoord kom terug: "Dit is die tweedeklas-seeman wat hier praat. Dit is beter dat jy jou koers wysig met 20 grade." Woedend laat die kaptein weet: "Ek is 'n oorlogskip. Pas jou koers onmiddellik met 20 grade aan!" Die stem aan die ander kant antwoord: "Ek ... is 'n vuurtoring."

Op komiese wyse illustreer hierdie verhaaltjie van Stephen Covey dat omstandighede ons dikwels dwing om 'n aanpassing in ons denke te maak, anders kan die werklikheid ons dalk duur te staan kom.

Sommige noem hierdie tipe van aanpassings in ons lewens 'n verskuiwing in paradigma. So 'n paradigma-verskuiwing funksioneer soos 'n nuwe lens waardeur alles nuut beskou word. Dit impliseer ook nuwe gedrag.